Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Inbelsentrum
Hoofdirektoraat: Mensbestuurspraktyke
0861 819 919

Lêerno.: 3/3/2/3
Verwysing: 20221122-9160

Omsendbrief: 0001/2023
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings en lede van beheerliggame

Kort opsomming: *Keuring van alle amptenare by inrigtings wat met leerders in aanraking is teen die Nasionale Register vir Seksoortreders.*

Onderwerp: Gewysigde proses vir keuring van amptenare teen die Nasionale Register vir Seksoortreders

1. Hierdie omsendbrief is van toepassing op alle amptenare by opvoedkundige inrigtings binne die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) wat met leerders in aanraking is.

2. Die president het die Wysigingswet op die Strafregwysigingswet (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2021 (Wet 13 van 2021) op 28 Januarie 2022 goedgekeur om die stryd teen, onder meer, geslagsgebaseerde geweld te versterk.

3. Die Wysigingswet op die Strafregwysigingswet wysig Hoofstuk 6 van die Strafregwysigingswet (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) om:

3.1 die omvang van die Nasionale Register vir Seksoortreders (NRSO) uit te brei om die besonderhede van alle seksoortreders in te sluit en nie slegs seksoortreders wat oortredings teen kinders en persone met gestremdhede begaan nie;

3.2 die lys van persone wat beskerm moet word uit te brei om ander kwesbare persone in te sluit, naamlik sekere jong vroue, persone met fisieke, geestes- of intellektuele gestremdhede en persone ouer as 60 wat byvoorbeeld gemeenskapsgebaseerde versorging- en ondersteuningsdienste ontvang; en

3.3 die tydperke waartydens 'n seksoortreder se besonderhede op die NSRO moet bly voordat dit verwyder kan word, te verleng.

4. Die WKOD verwelkom hierdie wetgewing, aangesien dit voorsiening sal maak vir veilige en beskermde ruimtes vir almal. Voorts sal dit die professionele beeld en status van alle staatsdiens- en onderwyspersoneel in elke skool en kantoor in die departement versterk.

5. Die WKOD, in samewerking met die Departement van Justisie en Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, is op grond van die goedgekeurde wysigings in die proses om te verseker dat alle amptenare wat deur middel van die werwing- en keuringstelsel aangestel sal word, amptenare wat tans in diens is, asook enige ander persone wat met leerders in aanraking kom, gekeur word teen die NSRO en die Nasionale Kinderbeskermingsregister.

6. Die onderwyssektor, wat onder die Departement van Basiese Onderwys ressorteer, het in samewerking met die Departement van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling besluit om die proses in drie fases in te faseer. Fase 1 sal op alle personeel by spesiale skole fokus. Dit is gegrond op die beginsel dat leerders by spesiale skole as die mees kwesbare groep beskou word.

7. Die proses sal soos volg ingefaseer word om aan die wetgewing te voldoen:

FASE 1: PERSONEEL BY SPESIALE SKOLE		
Kategorie	**Aksie**	**Sperdatum**
Aanstellings en bevorderings via die werwing- en keuringsproses	Alle aansoekers moet Vorm 7 (J738), *Application for certificate by person in respect of own particulars,* invul en die geverifieerde sertifikaat as deel van die aansoekproses indien.	Van toepassing op elke aanstelling
Spesiale skole	Alle personeel wat by spesiale skole werk, moet Vorm 8 (J739), *Application to determine whether particulars of a person have been included in the NRSO,* invul.	Vorms moet teen 30 April 2023 by distrikskantoor ingedien word
Koshuise by spesiale skole	Alle personeel wat in koshuise by spesiale skole werk, moet Vorm 8 (J739), *Application to determine whether particulars of a person have been included in the NRSO*, invul.	Vorms moet teen 30 April 2023 by distrikskantoor ingedien word

FASE 2: PERSONEEL BY GEWONE OPENBARE SKOLE		
Kategorie	**Aksie**	**Sperdatum**
Koshuise by gewone openbare skole	Alle personeel wat by koshuise van gewone openbare skole werk, moet Vorm 8 (J739), *Application to determine whether particulars of a person have been included in the NRSO*, invul.	Vorms moet teen 30 September 2023 by distrikskantoor ingedien word
Laerskole	Alle personeel wat by laerskole werk, moet Vorm 8 (J739), *Application to determine whether particulars of a person have been included in the NRSO*, invul.	Vorms moet teen 30 September 2023 by distrikskantoor ingedien word

Hoërskole	Alle personeel wat by hoërskole werk, moet Vorm 8 (J739), *Application to determine whether particulars of a person have been included in the NRSO*, invul.	Vorms moet teen 30 September 2023 by distrikskantoor ingedien word

FASE 3: PERSONEEL BY KANTORE VAN DIE WKOD		
Kategorie	**Aksie**	**Sperdatum**
Hoofkantoor en distrikskantore	Alle personeel wat by Hoofkantoor en distrikskantore werk, moet Vorm 8 (J739), *Application to determine whether particulars of a person have been included in the NRSO*, invul.	Vorms moet teen 30 September 2023 by Hoofkantoor ingedien word

8. Vorms vir amptenare wat tans in diens is, soos in paragraaf 7 vermeld, moet per hand by die volgende kantore afgelewer word:

8.1 Skole: Dien by die betrokke distrikskantoor in. Die distrikskantoor moet die dokumente via hul kringstrukture insorteer en indien.

8.2 Personeel by distrikskantore: Personeel moet die dokumente insorteer en by die kantoor van die Hoofdirekteur: Mensbestuurspraktyke by Hoofkantoor indien.

8.3 Personeel by Hoofkantoor: Direkteure moet die dokumente insorteer en by die kantoor van die Hoofdirekteur: Mensbestuurspraktyke indien.

9. Let asseblief daarop dat 'n bedrag van R75 per aansoek vir vingerafdrukverslae aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) betaalbaar is. Daar word versoek dat werknemers die die bedrag betaal en dan die kwitansie wat vir die aansoek van die SAPD ontvang is, by prinsipale indien. 'n Ingesorteerde vorm (Bylae E) wat al die werknemers se besonderhede bevat, met die betalingsbewyse aangeheg, moet per skool by distrikskantore ingedien word. Die distrikskantore sal die vorms insorteer sodat die departement die skole kan terugbetaal. Skole kan ook die koste van R75 betaal en dit dan van die departement terugeis deur dieselfde eiseproses wat hierbo beskryf word, te volg.

10. Die vorms wat deur die Departement van Justisie uitgereik word, en wat ingevul moet word, is as Bylae A en B aangeheg.

11. Werknemers het die volgende verpligtinge ingevolge artikel 46 van Hoofstuk 6 van die Wysigingswet op die Strafregwysigingswet (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2021 (Wet 13 van 2021):

11.1 *'n Werknemer wat by die inwerkingtreding van hierdie Hoofstuk in die diens van 'n werkgewer is en wat aan 'n seksuele misdryf teenoor 'n kind of 'n persoon wat verstandelik gestremd is, skuldig bevind is of wat na bewering 'n seksuele misdryf teenoor 'n kind of 'n persoon wat verstandelik gestremd is, gepleeg het en met wie ingevolge artikel 77(6) of 78(6) van die Strafproseswet, 1977, gehandel is, ongeag of sodanige misdryf gedurende die loop van sy of haar diens gepleeg of na bewering gepleeg is al dan nie, en wie se besonderhede in die Register opgeneem is of opgeneem staan te word, moet sodanige skuldigbevinding of bevinding onverwyld aan sy of haar werkgewer openbaar.*

11.2 *'n Werknemer wat na die inwerkingtreding van hierdie Hoofstuk aansoek doen om in diens geneem te word, moet, indien hy of sy aan 'n seksuele misdryf teenoor 'n kind of 'n persoon wat verstandelik gestremd is, skuldig bevind is of na bewering 'n seksuele misdryf teenoor 'n kind of 'n persoon wat verstandelik gestremd is, gepleeg het en ingevolge artikel 77(6) of 78(6) van die Strafproseswet, 1977, mee gehandel is, en wie se besonderhede in die Register opgeneem is of opgeneem staan te word sodanige skuldigbevinding of bevinding openbaar wanneer die aansoek om indiensneming gedoen word.*

11.3 *'n Werknemer wat versuim om aan subartikel (1) of (2) te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens sewe jaar of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.*

12. Verdere inligting wat verband hou met die prosesse wat gevolg moet word ten opsigte van die NRSO kan van die Departement van Justisie, https://www.justice.gov.za/, verkry word. Beheerliggame moet soortgelyke prosesse volg vir personeel wat deur hulle aangestel is, aangesien dit van toepassing is op alle individue wat met leerders in aanraking is. Let ook daarop dat enige individu wat met leerders in aanraking is, teen die NSRO gekeur moet word en 'n klaringsbewys moet verskaf.

13. 'n Gids met die stappe wat gevolg moet word, is as Bylae C aangeheg.

14. 'n Getekende brief van die WKOD is as Bylae D aangeheg. Hierdie brief kan by die SAPD vertoon word wanneer aansoek gedoen word vir die vingerafdrukverslae.

15. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle belanghebbendes en personeel.

GETEKEN: B WALTERS
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2023-03-03